

Sing vooraf staande: Psalm 73:7 (p. 368)

7 Maar nou, hoe anders is dit my! / Gods heiligdomme ingelei,
straal my 'n ander ligglans teë; / ek sien hul end . . . dis gladde weë
waarop die HEER die voet laat gaan / van boosaards wat Hom trots weerstaan.
Hul wankel al om neer te stort – / 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 150:1 (p. 719)

1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum

Wet

Psalm 99:5 (p. 492)

5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

Psalm 68:8 (p. 333)

8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgesewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinai in heiligheid, / deur bliksemlyng omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Skriflesing: Nehemia 13

Teks: Nehemia 13:17b

**Watter verkeerde ding is dit wat julle doen, dat julle die sabbatdag
ontheilig?** (Nehemia 13:17b AFR53)

Ons let in hierdie preek op na die volgende sake:

- 1. Hoe lyk die kerk wat verval?**
- 2. Wat is die gevolg daarvan?**
- 3. Hoe word die kerk herstel?**

1. Hoe lyk die kerk wat verval?

In hierdie hoofstuk het ons 'n baie duidelike prentjie van hoe dit lyk wanneer die kerk van die Here verval. Die kerkvolk toon verval op alle moontlike terreine.

Gedurende die ballingskap kon die paar gelowiges wat oorgebly het, nie die normale offers bring nie. Dit was ook waar van die wat weggevoer was na Babel toe.

- Voor die hand liggend was dit onmoontlik omdat daar nie 'n tempel en 'n altaar was nie.
- Daarom het die wyse van sabbatsviering 'n baie sterker klem gekry.
- *Dit het 'n getuieniskarakter gekry* omdat die gelowiges met die wyse van sabbatsviering hulle lojaliteite teenoor en diens aan God moes bewys.

Die sabbatsheliking was dus 'n middel waarmee die gelowiges hulleself baie sterk kon onderskei van die ongelowiges.

- Daarom het daar na die ballingskap die swaar stryd begin dat die volk weer geleer moes word dat die voorreg om op daardie dag te mag rus, deur God verstaan word as dat jy op die dag moet rus en God dien.

Hier is 'n paar beginsels wat uiters belangrik is en wat vir altyd belangrik sal wees:

- Die sabbatsheliking was 'n teken van die besondere verhouding waarin Israel tot die Here gestaan het.
- Wie deur die onderhouding van die sabbat 'n deel van sy lewe aan die Here wy, erken daarmee dat hy aan die Here behoort (Jesaja 56:2, 4).
- Nehemia het dit so verstaan dat as jy die sabbatdag heilig, jy die stempel van die Here dra (vergelyk Jesaja 58:13).

Daarom is Nehemia diep verontwaardig toe hy na sy tweede terugkeer (vergelyk vers 6 vv) moet agterkom hoe die volk in hulle geloofsverantwoordelikheid verval.

- Nehemia het baie sterk stelling ingeneem teen hierdie mense wat die sabbat ontheilig.
- Let daarop dat Nehemia nie in die kerk self begin het met sy reformasie nie.
 - Eerste waarsku hy sy medegelowiges – nogal die aansienlik mense – *edeles van Juda*.
 - Hierdie mense word naas die gemeentelidmers genoem, want hulle was verteenwoordigers van die vernaamste families (2:16; 4:13; 5:7 en 7:5).

Hierdie mense was dus in 'n sekere sin die owerheid van die dag.

- Die beginsel wat die Here hier by implikasie stel, is dat die owerheid homself skuldig maak aan sabbatsontheiliging as hy nie sy mag en gesag gebruik om dié sonde te beveg nie.
- Die saak moes vir die Jode wat aangepraat is, baie ernstig gewees het, want hulle het nou net uit die ballingskap teruggekom waar hulle aan hulle eie lyf gevoel het hoe die Here se straf lyk oor ongehoorsaamheid.

Die ballingskap was juis omdat die Here kwaad geword het omdat hulle nie sy gebooi gehou het nie, en hulle aanbidding verwaarloos het.

- Niks keer die Here om hulle nou weer te straf nie.

Nehemia het toe nog verder gegaan met sy hervormings, maar weer 'n keer het hy nie met sy reformasie die kerk self verander nie.

- In die tweede plek word daar baie streng maatreëls ingevoer ten opsigte van Jerusalem, die Here se stad.
- Die bedoeling was om te sorg dat die inwoners van die stad die sabbatdag moes heilig.

Vrydagaand het die sabbat vir die Jode begin.

- Die oomblik wanneer die son agter Moab se berge wegsak en daar nie meer sonlig in Jerusalem se poorte val nie, het Nehemia die poorte gesluit en dit laat oppas deur 'n gedeelte van sy persoonlike lyfwag (vergelyk 2:9; 4:10; 5:10,16).

Nehemia het hom gou vasgeloop teen die listigheid van die sonde.

- Dit was wel so dat die lasdiere wat die handelsware gedra het, nie deur die hekke in die stad kon ingaan nie, maar die mense kon nog in- en uitgaan.
- Al wat die handelaars toe doen, is om voor die poorte te gaan stilhou en dan kom die Jerusalemers nog steeds uit en gaan doen hulle inkopies by die handelaars.

Toe eers volg die derde stap in Nehemia se proses om hierdie sonde uitgestryk te kry.

- Hy het vir die handelaars gaan sê dat hy hulle te lyf sal gaan as hy hulle weer daar kry.
- Die mense het Nehemia geken en geweet dat dit sy geaardheid is om mense te lyf te gaan wat nie doen wat hy gedoen wil hê nie, en daarom het hulle toe nie weer op die sabbatdag Jerusalem toe gegaan om handel te dryf nie.

Mens kry hier die merkwaardige toestand dat die owerheid gebruik is om in te gryp om die toestand in die kerk weer op die regte spoor te kry.

- Eers toe die hele toestand herstel is, het Nehemia die werk teruggeskuif na waar dit hoort – na die owerstes van die kerk toe.
- Hy het toe vir die Leviëte gesê hulle moes hulle reinig en dan moes hulle op die sabbat by die stadspoorte kerklike toesig kom hou en toesien dat die volk nie weer hierdie geloofsoortreding begaan nie.
- So is die diens van die Here nie net in die tempel verrig nie, maar ook in die stad van die Here en onder die volk.

2. Wat is die gevolg van verval?

Die oortreding van die priester wat toegelaat het dat Tobia (wat nie 'n priester was nie) in die kamer in die tempel gaan woon het, het toe ook weer tot gevolg gehad dat die Leviëte op hulle beurt die wet van die Here oortree het.

- Die wet het bepaal dat hulle nie grond mag besit nie omdat hulle dan meer in hulle boerdery belang kon stel as in die tempeldiens – wat nou ook gebeur het, al was hulle daartoe verplig.
- Ons lees in die gedeelte van vers 10 af dat die priesters van hulle getalleoorgewig gebruik gemaak het en die tempelreëls oorboord gegooi het.

Daar was onder andere reëls wat bepaal het watter bedrag betaal moes word aan elke persoon wat diens gelewer het in die tempel (12:44-47).

- Toe die priesters nou hierdie dinge omverwerp, het die Leviëte en die tempel-sangers sonder inkomste gebly en was hulle verplig om die tempeldiens te verlaat.
- Die gevolg was natuurlik 'n verskraling van die tempeldiens, met ander woorde ook van die erediens.

Wat gebeur wanneer die kerk verval? Die kerkvolk verval saam.

- Daarom sien ons dat die sabbatsviering ook in gedrang gekom het. Wat was dan verkeerd?
- As mens hierdie hoofstuk met groot aandag lees, kom hier skokkende dinge na vore, want mens kom agter dat die oomblik toe die volk hulle sabbatsviering onheiligh, hulle hele geloofslewe in duie gestort het.

Toe loop dinge in hulle kerkgebou en in hulle kerklike administrasie skeef – toe kry 'n mens 'n heiden wat woon in die plek waar die volk hulle offers moet gaan neersit.

- Die gevolg daarvan was dat erediens nie meer vir die Here goed en reg was nie as gevolg daarvan dat sekere dienste in die kerk tot niet gegaan het.
- Daarmee saam het algehele geloofsvervlakking oor die algemeen by die volk ingetree, want Nehemia het byvoorbeeld gesien dat die manne allerhande werk op die landerye gedoen het.
 - Hulle het byvoorbeeld goeie en gepars op die sabbat.
 - Hulle het ook saam handel gedryf op die sabbat.

Is dit nie dalk so dat hierdie dinge ook van ons tyd waar is nie?

- Werk party van ons nie ook maar soms allerhande sogenaamde los werkies op die sabbat nie?
- Of dryf handel nie?
 - Dinge soos ons Sondagkoerant wat gekoop word, of dink maar aan dinge soos kruideniersware wat op Sondag gekoop word – terwyl ons dit dikwels maar net so maklik in die week kon gekoop het.
 - Is die beginsel van werk verrig en handel dryf soos ons dit doen, nie dieselfde as waarvan ons hier in Nehemia lees nie?

U moet daarop let dat die gedeelte oor die sabbatsheiliging in hierdie gedeelte in die middel van drie gebeurtenisse lê.

- Eerste is die ontheiliging van die tempelgebou.
- Dan, tweede, is dit die sabbatsontheiliging.
- In die derde plek kom dan kwessie van die gemengde huwelike.

Dit is nie sonder rede dat die Bybel dié drie gedeeltes in hierdie volgorde het nie.

- Die betekenis van die plek wat hierdie stuk geskiedenis het, is om aan te toon dat as jy die sabbat ontheilig,
- dan knip jy die band met God deur, en
- dan doen jy net dinge verkeerd – letterlik op elke terrein van jou lewe.

3. Hoe word die kerk herstel?

Die kerk word herstel onder die genade van die Here.

- In hierdie gedeelte is dit duidelik dat die Here die volk hulle sondes vergewe het lank voordat hulle al hulle geloofsfouten uitgestryk het.
- Die bewys daarvoor is dat hulle waarskynlik vir die eerste keer in bykans 'n eeu weer uit die boeke van Moses gelees het en toe agtergekom het dat die Here ontevrede is as hulle met ongelowige mense trou.

Die Here doen presies dieselfde met ons.

- Die Here Jesus Christus kom sterf vir ons terwyl ons in 'n toestand van sondegebrokenheid is.
- Aan die kruis bid die Here Jesus:
Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!
- Hy dra daar met smarte die straf van God oor al ons ongeregtighede.

Maar daar gebeur nog iets belangriks en dit is dat die band tussen ons en God weer herstel word.

- En nou moet ons lewenstyl en ons styl van aanbidding die bestaan van hierdie band beklemtoon.
- Dit gaan veral na vore kom in die manier waarop ons die sabbat vier.

Ons is in hierdie opsig in presies dieselfde bootjie as die Jode in die tyd van Nehemia, naamlik dat veral die manier waarop ons die sabbat vier die skeidslyn trek tussen ons en die ongelowiges.

Daar is baie mense wat met die redenasie rondloop dat die Joodse sabbat nie die Nuwe-Testamentiese Sondag is nie.

- Onthou net dat al twee hierdie dae dieselfde doel dien.
- Dit bied geleentheid om God te aanbid in die erediens.

Die Nuwe Testament self skuif die sabbat een dag aan, met ander woorde dat dit nie meer op die sewende dag is nie maar op die eerste dag van die week.

- Die aanspraak is soveel sterker op ons, want die bedoeling is dat ons wat hierdie dag vier, die koningskap van die God van die dag in ons aanbidding moet laat uitkom.

Jesus self het 'n skerp skeiding gemaak tussen diegene wat die dag nie reg gevier het nie en dié wat die Here waarlik ken en die dag reg gebruik.

Let op na die skerp skeiding wat die Here gemaak het tussen die wat die tempel selfs in die week verkeerd gebruik het in die twee tempelreinigings wat Hy gedoen het!

- Die Here Jesus het die tempel van Jerusalem twee maal gereinig sodat die tempel saam met die aanbidders daarin diensbaar kan wees aan die Here.
- Let ook op dat die Here Jesus dit gewelddadig gedoen het, want hy het die mense met 'n sweep daaruit geslaan!
- Daarna het Hy hulle daaraan herinner dat daardie plek 'n plek van gebed moet wees!

Broeders en susters, dit lyk tog asof ons tydsgees ons maklik kan laat verdwaal. Die manier waarop die mense van ons tyd in die algemeen die sabbatdag onderhou, het baie trekke wat ooreenkom met die manier van sabbatsviering wat die Here afgekeur het in die tyd van Nehemia.

Waak en bid dat ons nie saam met die wêreld verdwaal raak in losheid en ligsinnigheid en die sabbat ontheilig nie. Dit dra die teken van Godsverlating met hom saam.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:11 (p. 161)

11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 9 Februarie 2014